LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

16-01-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 2 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **OUERDAG**:
Baie dankie aan elke ouer wat Saterdag teenwoordig was tydens ons ouerdag!

2 **ATLETIEK 2017: VRYDAG, 20 JANUARIE 2017 TEEN L/SKOOL FONTEINE**
KLEREDRAG:
Vrydag trek die atlete, die skool-atletiekhemp met hulle groen skool-atletiekbroekie aan of 'n groen lang kniehoogte "ski-pants" en direk na deelname hulle Volkiebroek bo-oor.

ReëLINGS:
Atlete mag vanaf 10:30 in die saal by Mnr Tewis uitgeteken word en nie by ontvangs nie. Die byeenkoms begin 12:30 by DP De Villiers Stadion in Sasolburg. Atlete (2 per item) wat gaan deelneem sal Dinsdag hulle toestemmingsbriewe ontvang en dit moet Woensdag weer terug wees by die skool.

3 **KULTUURAAND**:
Neem kennis van 'n Kultuuraandvergadering wat gehou word op Woensdag, 18 Januarie om 18:00 in die personeelkamer.

Datum: 17 Februarie 2017
Tyd: 18:30 vir 19:00
Plek: Poortjie saal
Drag: Formeel
Gaskunstenaars: Adam Tas
Koste: R300 per persoon
Kaartjies: Beperkte aantal sitplekke is nog beskikbaar by Mev Chrisna Meyer in die kantoor.

4 **HUISWERKBOEKIES**:

- Onthou jou R20 vir die huiswerkboekie.
- Ouers moet asb weekliks in die huiswerkboekie teken by die Omsendbrief. Moenie u kind onnodig in 'n moeilike situasie plaas nie.

5 **VEILIGHEID VAN LEERDERS**:

Ouers, gebruik ASSEBLIEF die Padpatrollie voetoorgang. Die veiligheid van ons leerders is nie onderhandelbaar nie!

6 **ATLETIEK 2017: OEFENING**

Naellope (Junior)	13:00 - 14:00	Maandae, Dinsdae en Donderdae
(Senior)	14:00 - 14:45	Maandae, Dinsdae en Donderdae
Langafstande - 0/10 - 0/13	Maandae	14:45 - 15:30
	Dinsdae	14:45 - 15:30 (0/12 & 0/13)
	Donderdae	14:45 - 15:30 (0/10 & 0/11)
Hekkies	Maandae	14:00 - 15:00 (Almal)
	Dinsdae	14:00 - 15:00 (0/10 & 0/11)
	Donderdae	14:00 - 15:00 (0/12 & 0/13)
ALLE VELDITEMS IS MAANDAE, DINSDAE EN DONDERDAE		
Hoogspring	14:00 - 14:30 (0/10)	14:30 - 15:00 (0/11)
	15:00 - 15:30 (0/12 & 0/13)	
Verspring	14:00 - 14:30 (0/11)	14:30 - 15:00 (0/12 & 0/13)
	15:00 - 15:30 (0/10)	
Gewigstoot	14:00 - 14:30 (0/12 & 0/13)	14:30 - 15:00 (0/10)
	15:00 - 15:30 (0/11)	

7 **RUGBY:**

OEFENING VIR DIE 0/12 EN 0/13:

Dinsdag, 17 Januarie	16:00 - 17:00
Woensdag, 18 Januarie	14:00 - 15:00
Maandag, 23 Januarie	16:00 - 17:00
Dinsdag, 24 Januarie	16:00 - 17:00
Vrydag, 27 Januarie	14:00 - 15:00 (Proewe)

- Pa en Seundag is Saterdag, 22 April by Loftus.
- Blou Bulle VS Cheethas.
- Hou die dag oop asb.

8 **REDENAARS:**

- Ons skoolredenaars vir hierdie jaar is as volg:
  Junior redenaars: 8 Februarie 2017
  Senior redenaars : 9 Februarie 2017
- Leerders wat wil deelneem moet voor of op 27 Januarie 2017 hulle name vir Juf Lizelle (Jnr) en Juf Madeleine (Snr) kom gee.
- Temas:

Graad 1 tot Graad 3	Graad 4 tot Graad 5	Graad 6 tot Graad 7
Gogga	Klei	Spieël
Reënboog	Note	Krap
Blink	Blou	Klik

- Produksie 2000 besoek ons skool op 30 Januarie 2017. Koste beloop R15 per leerder. Die tema is hierdie jaar "Die gesig in die spieël.:

9 **TOETSWEEK: 6-13 MAART 2017**

6 Maart	Afrikaans	- Leerders gaan aan met Gewone wisseling na elke toetsperiode. - SK, LO/LV, EBW en Teg doen Assesseringswerkkaarte deur die kwartaal. - LET WEL - dat hierdie nie die enigste assessering vir die kwartaal is nie. Deurlopende assessering word in al die vakke gedoen.
7 Maart	Wiskunde	
8 Maart	Engels	
9 Maart	Geskiedenis	
13 Maart	NW en NW & Teg	
14 Maart	Geografie	

11 **KOMMUNIKASIE VANAF DIE SKOOL**:

VOLTOOI ASB DIE SKEURSTROKIE EN STUUR TERUG SKOOLTOE!!

Kommunikasie na ons ouers geskied op die volgende wyses:

- Skool se webwerf is www.laervolkskool.co.za
- d6 School Communicator link - www.school-communicator.com/download.php.
  Kies die skool - Laer Volkskool Heidelberg en volg die instruksies vir u rekenaar/ **SLIMFOON.**
  HIERDIE "APP" IS BAIE BELANGRIK, WANT DIT GAAN GEBRUIK WORD VIR DRINGENDE KOMMUNIKASIE NA U AS OUER.
- ***Maak seker u kontaknommer is korrek by die skool. (Indien u Saterdagoggend 'n SMS ontvang het rakende die OUERDAG, dan is u kontaknommer korrek.) Indien u geen SMS ontvang het nie, kontak die skool.***
- Ons Facebook-adres is:
  http://www.facebook.com/pages/Laer-Volkskool-Heidelberg/114981885345721

12 "**LOCKERS**":

- Lockers is beskikbaar vir Graad 4 - 7 leerders teen R200 per jaar.
- Ondernemings moet onderteken word deur ouers en leerders en saam met betaling ingehandig word by Volkie Vere, alvorens lockers gebruik mag word.
- Daar is slegs 'n beperkte aantal lockers beskikbaar.

13 **"MY SCHOOL" PROJEK:**

- Hierdie fondsinsamelingsprojek is kosteloos vir u as ouers.
- Aansoekvorms en kaarte is beskikbaar by Heléne by die skool. U kan u Woollies rekening ook koppel aan u "My School Card".
- Kry kaarte vir u, oumas en oupas, ooms en tannies, almal kan Laer Volkskool kies as 'n begunstigde.

14 **TAKE**:

- Alle take word in die klas gedoen.
- Take wat by die huis voltooi word, gaan geen punte tel nie.
- Leerders mag slegs die benodigdhede vir die taak van die huis af saam bring.

15 **SKRIFTE**:

Die laaste week van elke maand moet u kind se skrifte deur u as ouers geteken word.

16 **OOV KONTAKPERSONE:**

OOV Graad verteenwoordigers:

Gr R – Nicolene Kruger	063 701 4642
Gr 1 – Ronel Willemse	073 244 0024
Gr 2 – Caren Koch	083 289 5814
Gr 3 – Carina Venter	082 927 5634
Gr 4 – Desire de Beer	083 654 6502
Gr 5 – Natasha J v Rensburg	083 233 1811
Gr 6 – Christa de Wet	084 206 8902
Gr 7 – Salome Doman	083 589 0613
Algemene navrae: Heléne	083 285 2481

17 **LEESPERIODE**:

Die Departement van Onderwys verplig alle skole om hierdie jaar 'n ekstra leesperiode in te stel. Ons Volkies lees elke Woensdagoggend. Verskillende leesstrategieë en -bronne gaan geïmplimenteer word om lees te bevorder. Ondersteun ons en u kind asb hiermee!

18 **SHELL KLOOFSIG MOTORHAWE:**

Die Eienaar van Shell versoek dat u as ouers nie binne die motorhawe soggens en smiddae parkeer nie.

19 **AFRIKAANS: GRAAD 6 EN 7**

Die Graad 6 en 7 leerders ontvang die jaar 'n Blits-handleiding vir Afrikaans. Hierdie handleiding word ook in die Hoërskool gebruik tot en met Graad 12. Die koste per eksemplaar beloop R95. Bogenoemde koste word teen u skoolfondsrekening gehef. U kan die geld ook enige tyd in die kantoo inbetaal.

20 **VOORTREKKERS:**

Suikerboskommando se gesamentlike kommando opening vind plaas op Dinsdag, 24 Januarie vanaf 17:00 - 18:00 by die Gereformeerde Kerk, h/v Pretorius en Louwstr. Ons skop weer die jaar af met 'n heerlike waatlemoenfees!
Nuwe maats is baie welkom. Ouers wat betrokke wil raak by 'n span, kontak gerus vir Marlize (083 704 2699). Ons het nog hulp nodig by die Graad 1, 4 en 6 dogters sowel as by die Graad 2 seuns.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF

ALMAL MOET ASB DIE SKEURSTROKIE VOLTOOI EN TERUGSTUUR NA DIE KLASONDERWYSER

Ek, _____ ouer van _____

in Gr _____ Klas _____, wil asb die skrywes vanaf die skool soos volg ontvang:

MERK ASB DUIDELIK	X	BEVESTIG: E-POS ADRES
E-pos		
Harde kopie		KONTAKNOMMER
Lees op Facebook		
Lees op die d6 School Communicator		

HANDTEKENING VAN OUER:

ALMAL MOET ASB DIE SKEURSTROKIE VOLTOOI EN TERUGSTUUR NA DIE KLASONDERWYSER

Ek, _____ ouer van _____

in Gr _____ Klas _____, wil asb die skrywes vanaf die skool soos volg ontvang:

MERK ASB DUIDELIK	X	BEVESTIG: E-POS ADRES
E-pos		
Harde kopie		KONTAKNOMMER
Lees op Facebook		
Lees op die d6 School Communicator		

HANDTEKENING VAN OUER: